basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 200**

Internal Moderator
04/12/2023

External Moderator
04/12/2023

S.S. deVilliers
External Moderator
04/12/2023

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.167; Suksesvol, p.185)* | (1) |
| | 1.1.2 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)* | (1) |
| | 1.1.3 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.169; Suksesvol, p.190)* | (1) |
| | 1.1.4 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.162; Suksesvol, p.179)* | (1) |
| | 1.1.5 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.164-165; Suksesvol, p.181)* | (1) |
| | 1.1.6 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.89; Suksesvol, p.103)* | (1) |
| | 1.1.7 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.97; Suksesvol, p.117)* | (1) |
| | 1.1.8 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.95; Suksesvol, p.113)* | (1) |
| | 1.1.9 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.80; Suksesvol, p.93)* | (1) |
| | 1.1.10 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.105; Suksesvol, p.127)* | (1) |
| | 1.1.11 | A✓ | *Toepassing, maklik (Grade 11)* | (1) |
| | 1.1.12 | C✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)* | (1) |
| | 1.1.13 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.51; Suksesvol, p.54)* | (1) |
| | 1.1.14 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)* | (1) |
| | 1.1.15 | D✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)* | (1) |
| | 1.1.16 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.19; Suksesvol, p.23)* | (1) |
| | 1.1.17 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.31; Suksesvol, p.30)* | (1) |
| | 1.1.18 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.13; Suksesvol, p.20)* | (1) |
| | 1.1.19 | D✓ | *Toepassing, maklik (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)* | (1) |
| | 1.1.20 | C✓ | *Toepassing, matig (Verken, p.27; Suksesvol, p.26)* | (1) |

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

1.2 1.2.1 Stokvel✓ *Onthou, matig (Verken, p.161-162; Suksesvol, p.177-178)*

1.2.2 Onbillike/ onredelike sake/ besigheidspraktyke✓ *Onthou, matig (Verken, p.157; Suksesvol, p.174)*

1.2.3 Uitsluitings/ Vrystellings/ Vrywaringsklousule✓ *Onthou, matig (Verken, p.156; Suksesvol, p.173)*

1.2.4 Afkoel (periode)✓ *Onthou, matig (Verken, p.157; Suksesvol, p.174)*

1.2.5 Multivlak/ Stapelvlak bemarking/ Wettige piramideskema✓ *Onthou, matig (Verken, p.162; Suksesvol, p.179)*

1.2.6 Grysgoedere/ skuilinvoere/ parallelle invoere✓ *Onthou, matig (Verken, p.158; Suksesvol, p.176)* (6)

1.3 1.3.1 C✓ *Onthou, matig (Verken, p.125; Suksesvol, p.142)* (1)

1.3.2 F✓ *Onthou, matig (Verken, p118; Suksesvol, p.137)* (1)

1.3.3 A✓ *Onthou, matig (Verken p.125; Suksesvol, p.142)* (1)

1.4 A✓
D✓
E✓
G✓
I ✓ (Enige volgorde) (5)

*Verstaan, matig (Verken, p.29-34; Suksesvol, p.28-33)*

1.5 A✓
C✓
D✓
G✓
I✓
K✓ (Enige volgorde) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.106-107; Suksesvol, p.128-131)*

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**[40]**

## AFDELING B: LANGVRAE

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Noem die dokument wat belowe om toestelle deur die verkoper of die vervaardiger te herstel, vervang of geld terug te betaal, nadat dit gekoop is.**

Geld-terug waarborg/ garansie/ waarborg✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.158; Suksesvol, p.175)*

2.2 **Maak 'n lys van munisipale dienste waarvoor 'n huiseienaar of huishouding moet betaal.**

- Water✓1
- Elektrisiteit✓2
- Riool/ sanitasie✓3
- Afvalverwydering✓4 (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.185; Suksesvol, p.203-205)*

2.3 **Noem DRIE maniere om water te bespaar wanneer 'n wasmasjien gebruik word.**

- Gebruik die geskikte watervlak/ gebruik slegs genoeg water vir die hoeveelheid wasgoed.✓1
- Was volle ladings wasgoed.✓2
- Maak die wasmasjien se filter gereeld skoon.✓3
- Gebruik hoë doeltreffende wasmasjiene.✓4
- Gebruik voorlaaiers in plaas van bo-laaier wasmasjiene.✓5
- Gebruik 'n ekonomiese / korrekte program moontlik.✓6
- Gaan lekkasies by pypverbindings.✓7
- Gryswater van die wasmasjien kan hergebruik word om die tuin nat te maak/ toilet te spoel/ water van die dubbelbalie kan hergebruik word om 'n ander lading wasgoed te was.✓8 (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.181; Suksesvol, p. 158, 199)*

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 0 4
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**2.4 Noem VIER maniere om elektrisiteit te bespaar wanneer voedsel gaargemaak word.**

- Beplan maaltye vooraf/ maak meer as een maaltyd op 'n slag om die beste gebruik van die stoof te maak.✓[1]
- Vermy dit om voedsel teen piektye/ 17:00-20:00✓[2] gaar te maak om kragoplewing (power surges) te vermy.
- Gebruik 'n mikrogolfoond/ konvensionele oond/ induksieplaat/ drukkoker/ lugbraaier ('air fryer') kitskastrol("instant pot") omdat hulle minder elektrisiteit as 'n stoof gebruik/ 'n korter gaarmaaktyd het/ gebruik 'n gas/ parafien/primusstoof.✓[3]
- Pas die grootte van die kastrol by die grootte van die stoofplaat.✓[4]
- Skakel stoofplate/ oond af voordat die gaarmaaktyd voltooid is, om toe te laat dat gaarmaak teen 'n laer hitte voltooi word.✓[5]
- Verminder die hitte sodra die voedsel gekook het en dit sal aanhou om te kook.✓[6]
- Hou die oond se deur toe totdat gaarmaak voltooid is.✓[7]
- Gebruik 'n warmboks/ wondersak ("wonderbag") om die gaarmaakproses te voltooi.✓[8]
- Maak een kastrol maaltye/ maak meer as een gereg in die oond wanneer dit warm is.✓[9]
- Gebruik 'n ketel om water te kook, omdat dit 50% minder elektrisiteit gebruik as om dit in 'n kastrol, op die stoof te laat verhit/ kook slegs die hoeveelheid wat benodig word.✓[10]
- Sny voedsel in kleiner stukkies omdat dit vinniger sal gaar word.✓[11]
- Kyk of die rubberseël van die oond in 'n goeie toestand is/ nie hitte tydens die gaarmaakproses verloor nie/ maak seker dat toestelle goed instand en skoon gehou word sodat dit doeltreffend kan werk.✓[12] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.174; Suksesvol, p.193)*

**2.5 2.5.1 Noem TWEE praktyke wat die meeste swendelskemas in gemeen het.**

- Diefstal✓[1] geld/ geen goedere of dienste word ontvang nie.
- (Diefstal) van persoonlike inligting/ bankbesonderhede✓[2] van 'n niksvermoedende verbruiker.
- Plaas verbruikers onder druk om onmiddellik te reageer.✓[3]
- Verpersoonlik/ tree op soos 'n egte besigheid. ✓[4]
- Gebruik van tegnologie. ✓[5] (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.159; Suksesvol, p.176-177)*

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.5.2 **Verduidelik hoe verbruikers hulself teen aanlyn- swendelary kan beskerm.**

- Waak teen 'werk-van-die-huis- af' swendelskemas wat baie geld belowe.✓[1]
- Moenie iets aankoop/ betaal voordat jy vir enige oënskynlike maatskappy kan begin werk nie.✓[2]
- Maak seker dat die webtuistes waarvan af jy goedere aankoop, wettig/ veilig is/ veiligheidslotte/ sagteware het.✓[3]
- Moenie op 'n e-pos of SMS wat sê dat jy 'n prys/ lotery gewen het, reageer nie.✓[4]
- Moenie finansiële hulp aan enige iemand bied indien jy jou bankbesonderhede moet verskaf nie.✓[5]
- Moenie sagteware van 'n onbetroubare bronne aflaai/ installeer om 'n virus te verwyder nie/ hou 'antigemorspos'/ antivirus sagteware op jou rekenaar op datum.✓[6]
- Vee verdagte/ onbekende/ valse e-posse/ gemorspos uit, sonder om dit oop te maak.✓[7]
- Moenie bankbesonderhede/ persoonlike inligting/ pin/ wagwoorde/ “OTP” (eenslag pin)/ CCV nommer aanlyn verskaf nie.✓[8] Gaan jou bank/ kredietkaartrekeninge gereeld na.✓[9]
- Verander/ kies sterk waagwoorde gereeld om inbraak (“hacking”) te vermy.✓[10]
- Indien jy dink dat jy finansiële inligting/ kredietkaartnommer aan 'n swendelaar verskaf het, kontak jou finansiële instelling/ kredietkaart maatskappy onmiddellik.✓[11] (Enige 4) (4)

2023-12-04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Onthou, matig (Verken, p.159; Suksesvol, p.177)*

2.6 **Gee TWEE redes waarom sommige mense voorlopige belasting betaal.**

- Mense wat voorlopige belasting betaal, ontvang 'n onreëlde inkomste.✓[1]
- Sodat hulle nie vereis word om 'n groot bedrag belasting op een slag te betaal nie.✓[2]
- Hulle inkomste kan nie op 'n maandelikse basis belas word nie omdat dit wissel✓[3] en nie gewaarborg is nie.✓[4]
- Mense wat 'n inkomste van meer as een bron ontvang.✓[5] (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)*

2.7 **Verduidelik waarom saamgestelde rente duurder as enkelvoudige rente is.**

- Saamgestelde rente is duurder omdat rente op die hoof/ oorspronklike bedrag✓[1] gevoeg en dit word ook by geakkumuleerde rente/ rente op datum gevoeg.✓[2]
- In enkelvoudige rente, word daar slegs rente op die hoof bedrag gehef.✓[3] (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)*

2.8 **Beskryf die rol wat munisipaliteite moet speel om hul gemeenskappe te help om van oorstromingskade te herstel.**

- Skoon, veilige en vars water te voorsien.✓[1]
- Herstel van enige elektriese probleme wat dalk ontstaan het tydens oorstromings.✓[2]
- Voorsiening van beskutting in gemeenskapsale/ sentrums, vir mense wat hul huise verloor het.✓[3]
- Infrastruktuur soos slaggate en sinkgate wat in hul area mag ontwikkel het, te herstel.✓[4]
- Verseker dat daar behoorlike sanitasie is.✓[5]
- Skoonmaak van stormwaterdreinering om meer oorstroming van strate en erwe te voorkom.✓[6]
- Verwyder/ maak opdrifsels/ rommel/ gemors/ vullis na die oorstrommings skoon.✓[7]
- Daarstelling van vuur en ramp bestuurdienste om lewens te beskerm en te red.✓[8]
- Voorsiening van gesondheidsdienste waar nodig.✓[9] (Enige 5) (5)

*Toepassing, matig (Verken, p.183; Suksesvol, p.202)*

2.9 **Verduidelik hoe 'n hoë verbruikersprysindeks (VPI) Suid-Afrikaanse verbruikers mag affekteer.**

- Die inflasiekoers✓[1] is op die VPI gebaseer.
- Hoe hoër die inflasiekoers✓[2] hoe minder kan verbruikers met dieselfde hoeveelheid geld koop/ minder besteebare inkomste .✓[3]
- Alle huishoudelike items se pryse sal verhoog✓[4] en hulle meer onbekostigbaar maak.✓[5]
- Sommige verbruikers mag nie in staat wees om vir hul basiese behoeftes te betaal nie.✓[6]
- Die reserwebank gebruik die VPI om die rentekoers vas te stel✓[7] dus sal huishoudings meer rente op hul skuld betaal omdat die rentekoerse hoër sal wees.✓[8]
- Sommige Suid Afrikaners mag op die swartlys geplaas word✓[9] omdat hulle nie kan bekostig om hul skuld te betaal nie.✓[10] (Enige 5) (5)

*Toepassing, moeilik (Verken, p.167-168; Suksesvol, p.185)*

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.10 **Evalueer die impak wat alternatiewe energiebronne wat tydens beurtkrag deur huishoudings gebruik word, op die omgewing mag hê.**

Die meeste alternatiewe bronne van energie het 'n negatiewe impak op die omgewing.✓[1] Dra by tot aardverwarming.✓[2]

**OF**

Huishoudings wat sonkrag/ hernubare bronne van energie gebruik, het nie 'n negatiewe impak op die omgewing nie.✓[3] Verminder aardverwarming.✓[4]
(Enige 1)

**Positiewe impak**
**Gas**

- Gas is die skoonste fossielbrandstof.✓[5]

**Omskakelaars ('Inverters'):**

- Geen geraas besoedeling wanneer die gebruik word nie. ✓[6]

**Sonenergie**

- Dit gebruik die son,✓[7] wat 'n hernubare✓[8] bron van energie is en onskadelik vir die omgewing is.✓[9]
- Daar is geen geraasbesoedeling/ lug besoedeling✓[10] terwyl dit gegenereer word nie.

**Negatiewe impak**

**Gas**

- Huishoudings mag gas as 'n alternatiewe bron gebruik, gas veroorsaak lugbesoedeling✓[11] wat skadelik✓[12] vir die omgewing is.
- Gas kan onaangename reuke veroorsaak✓[13] terwyl dit gebruik word.
- Gas is 'n nie-hernubare✓[14] bron van energie.

**Omskakelaars ('Inverters')/ Steenkool/ hout vir vuur/ paraffien**

- Omskakelaars gebruik elektrisiteit om herlaai te word wat 'n groot koolstof voetspoor agterlaat✓[15]
- Meer steenkool moet gebrand word om elektrisiteit te produseer.✓[16]
- Die brand van steenkool/ hout vir vuur/ paraffien veroorsaak lugbesoedeling✓[17] omdat dit koolstofdioksied/ chemikalieë afgee wanneer dit gebrand word.✓[18]
- Dit gee ook swaweldioksied af✓[19] 'n gas, wat suurreën skep.✓[20]
- Hulle is almal nie-hernubare✓[21] bronne van energie.
- Afkap van bome vir hout om vuur te maak het 'n negatiewe effek op die omgewing. ✓[22]

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Kragopwekkers (diesel/ brandstof)**

- Gebruik brandstof of diesel (ru-olie) wat nie-hernubare✓[23] fossielbrandstowwe is, wat lugbesoedeling veroorsaak✓[24] wanneer dit gebrand word.
- Hulle veroorsaak geraasbesoedeling✓[25] wanneer energie gegenereer word. (Enige 7) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.169-170; Suksesvol, p.190-192)*

**[40]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 3.1.1 **Verduidelik die volgende terme:**

***Voedselbymiddels***

Natuurlike of chemiese stowwe✓[1] wat doelbewus by✓[2] 'n voedselproduk tydens prosessering of produksie✓[3] gevoeg word om 'n spesifieke funksie te verrig.✓[4]

**OF**

Stowwe✓[5] wat by voedsel gevoeg word✓[6] om hulle geur/ tekstuur/ smaak/ kleur te preserveer/ verbeter.✓[7] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.92; Suksesvol, p.110)*

3.1.2 ***Voedselallergie***

'n Voedselallergie kom voor wanneer die liggaam se immuunstelsel✓[1] verkeerdelik dink dat die proteïene in die voedsel skadelik is✓[2] en daarteen reageer deur teenliggaampies✓[3] teen die proteïene✓ op te bou.

**OF**

'n Voedselallergie kom voor wanneer die liggaam 'n reaksie het✓[5] wat deur 'n allergeen/ skadelike stof veroorsaak word.✓[6] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.79; Suksesvol, p. 92)*

3.2 3.2.1 **Noem die funksies van die volgende voedselbymiddels:**

**Stabiliseerders**

- Om die tekstuur/ konsistensie/ dikte/ gladheid van voedsel te verbeter.✓[1]
- Om 'n eenvormige dispersie van twee of meer onvermengbare stowwe te behou.✓[2] (Enige 1) (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.93; Suksesvol, p.113)*

3.2.2 **Antioksidante**

Voorkom oksidasie✓[1] van voedsel wat tot galsterigheid,✓[2] verkleuring✓[3] kan lei, en verleng die raklewe.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.94; Suksesvol, p.114)*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.3 **Verduidelik die voordele van voedselbestraling.**

- Voedselbestraling vernietig mikroörganismes/patogeniese bakterieë/ ander skadelike organismes.✓[1]
- Dit voorkom dat voedseloordraagbare siektes voedsel beskadig/ maak voedsel veiliger om te eet.✓[2]
- Dit vernietig/ deaktiveer organismes wat voedselbederf veroorsaak.✓[3]
- Dit verleng die raklewe van vrugte en groente/vleis/pluimvee kan vir langer opgeberg word.✓[4]
- Bestraling vertraag/ beheer uitloop van uie/ knoffel/ aartappels/ rypwording van vrugte.✓[5]
- Vertraag die rypwording van vrugte, dus verminder dit verliese weens beskadiging tydens vervoer/ opberging.✓[6]
- Dit vernietig insekte in en op grane/ tropiese vrugte wat ingevoer/ uitgevoer word.✓[7] (Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.105; Suksesvol, p.127)*

3.4 **Verduidelik die moontlike negatiewe impak van organies gekweekte voedsel op die natuurlike omgewing.**

- Ingevoerde organiese voedsel word per vliegtuig vervoer✓[1] wat mag bydra tot besoedeling/ lugbesoedeling✓[2] en aardverwarming.✓[3]
- Die toegelate plaagdoder/ kopersulfied is toksies✓[4] vir erdwurms/ vis/ insekte/ voëls/ grond✓[5] en veroorsaak waterbesoedeling.✓[6]
- Meer grond/ land word benodig om organiese voedsel te kweek✓[7] as dieselfde hoeveelheid nie-organiese voedsel.✓[8]
- Meganiese metodes van onkruidbeheer/ brand/ ploeg/ bewerking kan tot groter energieverbruik lei✓[9] dus dra dit by tot 'n hoër koolstofvoetspoor.✓[10] (Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.104; Suksesvol, p. 126)*

3.5 **Beskryf die eienskappe van bulimia nervosa.**

- Herhaaldelike episodes van eetvergrypings (eet groter hoeveelhede voedsel op 'n slag).✓[1]
- Eet groter hoeveelhede voedsel as wat die meeste mense binne 'n sekere periode, gewoonlik 2 uur, sal eet.✓[2]
- Die persoon voel dat hy/ sy nie beheer het nie✓[3] en nie tydens vergrypingsepisodes kan ophou eet nie.✓[4]
- Eetvergrypings word gevolg deur lediging of (selfgeïnduseerde braking/ misbruik van lakseermiddels/ dwelms/ urinedrywers/ enemas)✓[5] nie-lediging metodes (vas/ oormatige oefening)✓[6] om gewigstoename te voorkom/ om gewig te verloor.✓[7]
- Erge tandheelkundige probleme/ keelseer/ nierprobleme/ edeem/ hardlywigheid/ hoofpyne. ✓[8]
- Ontevredenheid met liggaamsvorm/ verwronge liggaamsbeeld en/ of liggaamsgewig.✓[9]
- Geheimsinnig oor eetgewoontes en eetvergruipingsgedrag.✓[10]

(Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.82; Suksesvol, p.94)*

APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION
2023 -12- 04
PRETORIA 0001

3.6 **Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe voedseloordraagbare siektes na vars geplukte groente oorgedra kan word.**

Die grond kon deur dieremis wat besmet wees.✓[1] Vars groente nie deeglik gewas/ afgespoel nie✓[2] Dit kon besmet gewees het toe besmette mense die vars geplukte groente hanteer het.✓[3] Kon besmet gewees het indien die groente met besmette water nat gemaak/ besproei is.✓[4] Besmette oppervlakke/ gereedskap/ apparaat kon tydens die pluk/ hantering gebruik word.✓[5] Besmette plae wat op vars geplukte groente sit. ✓[6] Wanneer 'n persoon wat die groente pluk, nie hul hande gewas het nadat die toilet gebruik is nie✓[7] kan die siekte oorgedra word. (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.86-88; Suksesvol, p.103,106,108)*

3.7 **Beskryf die oorsaak van laktose-intoleransie.**

- Wanneer die liggaam te min/ geen laktase (ensiem) produseer ✓[1] om die laktose✓[2] in melk, af te breek na glukose en galaktose.✓[3]
- Laktose bly onverteerd✓[4] en word na die dunderm vervoer waar dit deur bakterieë gefermenteer word.✓[5] (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.79; Suksesvol, p. 93)*

3.8 **Verduidelik hoe hierdie feit tot voedselsekerheid mag bydra.**

- Omdat dit goedkoop is, mag dit bekostigbaar✓[1] en toeganklik✓[2] vir baie mense wees.✓[3] Dit mag veroorsaak dat meer mense op 'n daaglikse basis✓[4] toegang tot genoeg✓[5] voedsame voedsel✓[6] mag hê. (Enige 2) (2)

*Toepassing, matig (Verken, p.106; Suksesvol, p. 93)*

3.9 3.9.1 **Identifiseer TWEE voedselitems uit die maaltydplan wat nie geskik is vir mense wat glutenintolerant is nie.**

- Hawermout✓[1]
- Volkoringtoebroodjie✓[2]
- 'Croutons'✓[3] (Enige 2) (2)

*Toepassing, maklik (Verken, p.80; Suksesvol, p. 93)*

2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE

3.9.2 **Evalueer die geskiktheid van die maaltydplan hierbo vir die bestuur van vetsug.**

Alle maaltye is geskik✓[1] vir die bestuur van vetsug. (1)

- Die maaltydplan bevat DRIE maaltye wat beteken dat maaltye nie oorgeslaan word nie. ✓[2]
- Dit bevat n goeie gesonde ontbyt wat energie verskaf✓[3] en oor-eet/ peusel later in die dag voorkom.✓[4]
- Die middagete is gesond en gebalanseerd.✓[5]
- Aandete is 'n ligte maaltyd waar minder kilojoules benodig word.✓[6]
- Vrugte/ lemoensap/ groente/ slaai vorm deel van 'n gesonde dieet en is ryk in vesel✓[7] wat 'n persoon langer versadig/ vol sal hou en oor-eet sal verminder.✓[8]
- Die ontbyt en middagete bestaan uit volkoringbrood/ hawermout wat ryk in vesel✓[9] is en sal help met gewigsverlies✓[10] deur honger te vertraag.✓[11]
- Volkoringbrood/ hawermout is laag in GI✓[12] en is geskik vir 'n persoon wat gewig wil verloor omdat dit die persoon vir langer vol/ versadig sal hou.✓[13]
- Hoender/ eiers/ fetakaas/ vis is laag in vet, wat sal help met gewigsverlies.✓[14] Hulle bevat proteïene wat in energie omgeskakel kan word, wat help om gewig te verloor.✓[15]
- Die hoender-mayonnaise bevat vet dus dra dit by tot hoë kilojoule/ energie inname/ vetsug.✓[16]
- Gesonde gaarmaakmetodes/ kook/ rooster/ sal nie tot vetsug bydra nie. ✓[17]
- Die maaltydplan is laag in suiker. ✓[18] (Enige 7) (8)

*Evaluering, moeilik (Verken, p.82-83; Suksesvol, p. 96-98)*

**[40]**

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Verduidelik die term *retrospektiewe mode.***

Ontwerpers kyk na geskiedenis vir inspirasie✓[1] en ontwerp kledingstukke wat soos 'n vroeër tydperk✓[2] vertoon.

**OF**

Klere wat die style van 'n vorige era✓[3] naboots.✓[4] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.51; Suksesvol, p.53)*

4.2 **Noem TWEE stadiums in die modesiklus waar verkope laag is.**

- Begin/ loods/ inleiding✓[1]
- Afname✓[2]
- Veroudering/ einde✓[3] (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.49-50; Suksesvol, p.50)*

4.3 **Verduidelik die verskil tussen 'n *klassieke mode* en 'n *modegier.***

**Modegier**
- 'n Modegier het 'n hoë aanvraag vir 'n kort tydperk/ het 'n kort lewensiklus.✓[1]
- Dikwels buitensporig/ oordrewe/ pas nie by almal nie.✓[2]
- Word dikwels in bykomstighede gesien soos juwele/ belts/ sakke.✓[3]

**Klassieke mode**
- Klassieke style is tydloos/ bly vir baie seisoene in die mode.✓[4]
- Eenvoudige lyne/ pas by die meeste mense.✓[5]
- Gesien in getailleerde/ snyerspakke/ denimbroeke/ T-hemde.✓[6] (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)*

4.4 **Verduidelik, met voorbeelde, waarom hierdie hemp-rok veelsydig is.**

- Die moue is lank vir koel dae✓[1] en dit kan opgerol word vir warm dae.✓[2]
- Dit kan op gedoen word (meer formeel gedra word) deur serpe/ juwele by te voeg vir werk✓[3] of minder formeel vir ontspanningstyd gedra word.✓[4]
- Katoen kan in die somer en winter gedra word.✓[5]
- Dit kan by alle liggaamsvorme pas✓[6] omdat dit lospassend is.
- Verskillende skoene/ stewels/ sandale✓[7] kan met die rok gedra word.
- Kan met oop knoppe, as 'n ligte baadjie gedra word.✓[8]
- Kan met 'n baadjie/ jas/ juwele/ onderbaadjie gedra word.✓[9]
- Broeke/ 'leggings'/ 'tights' kan onder dit gedra word.✓[10]
- 'n Belt✓[11] kan bygevoeg word om die fatsoen te verander.
- Die oranje hemp-rok kan met baie verskillende kleure gedra word.✓[12]

(Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.56-57; Suksesvol, p.60-63)*

2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.5 **Bespreek die ekonomiese en omgewingsvoordele van die gebruik van die 'yaga app' om klere te koop en te verkoop.**

**Ekonomiese**

- Items sal goedkoper/ meer bekostigbaar wees as wat dit nuut, teen die volle/ oorspronklike kleinhandelsprys gekoop word.✓[1]
- Mense kan hul klere verkoop✓[2] en 'n inkomste verdien.✓[3]
- 'n Persoon kan met beperkte finansiële hulpbronne✓[4] in die mode bly.✓[5]
- Dit sal vervoerkoste bespaar omdat 'n persoon nie na die winkels hoef te gaan nie.✓[6]

**Omgewings**

- Die behoefte vir die vervaardiging van nuwe tekstiele✓[7] word verminder/ minder natuurlike hulpbronne/ water/ grond✓[8] sal gebruik word.
- Die afval op stortingsterreine✓[9] word verminder.
- Minder elektrisiteit/ vervoer word gebruik ✓[10] wat koolstofvrystellings/ koolstofvoetspoor/ lugbesoedeling verminder.✓[11]
- Dit verminder die behoefte vir chemiese stowwe/ kleurmiddels✓[12] wat grondbesoedeling✓[13] veroorsaak. (6)

*Analisering, matig (Verken, p.61-63; Suksesvol, p.67-69; Verbruikerskwessie)*

**LET WEL: Daar moet na beide ekonomiese en omgewingsvoordele gewys word.**

**[20]**

PRIVATE BAG X895, PRETORIA
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 **Noem EEN metode van betaling, vir huishoudelike toestelle, waar rente gevra word.**

- Krediet(kaart)/ winkelkaart/ winkelrekening✓[1]
- Huurkoop/ afbetalings(verkope)✓[2] (Enige 1) (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)*

5.2 **Maak 'n lys van faktore wat 'n student behoort te oorweeg wanneer 'n mikrogolfoond vir sy/ haar gehuurde kamer aangekoop word.**

- Maklike hantering✓[1]
- Veiligheid van die toestel✓[2]
- Begroting/ prys✓[3]
- Beskikbare spasie/ ruimte/ grootte✓[4]
- Energie-doeltreffendheid/ watt/ kragverbruik✓[5]
- Sy/ haar gaarmaak/ opwarmingsbehoeftes✓[6]
- Veiligheidsertifisering/ SABS✓[7]
- Waarborg/ geld-terug-waarborg/ garansie✓[8] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.133; Suksesvol, p.152-153)*

5.3 **Noem die hoofverskille tussen *voltitelhuiseienaarskap* en *deeltitelhuiseienaarskap*.**

- In voltitelhuiseienaarskap word die koper van die eiendom die wettige eienaar van die hele eiendom,✓[1] die grond en al die strukture daarop.✓[2]
- In deeltitelhuiseienaarskap word eenhede/ dele van 'n gebou individueel besit deur individuele kopers✓[3] en hulle deel eienaarskap van die gemeenskaplike areas.✓[4] (4)

*Verstaan, maklik (Verken, p.121-122; Suksesvol, p.139-140)*

PRIVAT
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDE
PUBLIC

5.4 **Vergelyk die finansiële voordele van die huur van eiendom, met die finansiële nadele van die koop van 'n eiendom, met 'n huisverband.**

**Tabuleer die antwoord soos volg:**

| **FINANSIËLE VOORDELE VAN HUUR VAN 'n EIENDOM.** | **FINANSIËLE NADELE VAN KOOP VAN EIENDOM MET 'n VERBAND.** |
|---|---|
| • Die huurder betaal 'n vasgestelde bedrag oor 'n jaar/spesifieke tydperk✓[1] en kan dus vooruit begroot.<br>• Die huurder betaal nie grond/ eiendomsbelasting nie.✓[2]<br>• Die huurder is nie verantwoordelik vir die betaling van die instandhouding van die eiendom/ eenheid/ gebou nie.✓[3]<br>• Minder maandelikse uitgawes omdat die huurder nie vir huiseienaarsversekering betaal nie.✓[4]<br>• Maandelikse huur is minder as 'n verband terugbetaling/ goedkoper in die korttermyn.✓[5]<br>• Die huurder kan uit trek/ verhuis indien dit onbekostigbaar word✓[6] nadat kennis gegee was. (Enige 3) | • Verband/ terugbetalingskoste mag binne 'n jaar/ spesifieke tydperk verhoog indien rentekoerse verhoog.✓[7]<br>• Die eienaar betaal grond/ eiendomsbelasting.✓[8]<br>• Die eienaar is verantwoordelik vir die betaling van die instandhouding van die eiendom/eenheid/gebou.✓[9]<br>• Die eienaar betaal die huiseienaarsversekering.✓[10]<br>• Duurder in die korttermyn.✓[11]<br>• Die eienaar moet nog steeds die verband betaal selfs as dit onbekostigbaar word.✓[12]<br>(Enige 3) |

(6)

*Verstaan, matig (Verken, p.118 and 123; Suksesvol, p.137 and 141)*

2023 -12- 04
APPROVED MARKING

5.5 **Analiseer die geskiktheid van hierdie kisvrieskas vir Mnr Johannes.**

- Dit sal aan sy behoeftes voldoen omdat dit beide gas en elektrisiteit gebruik. Sy bevrore voedsel sal nie tydens beurtkrag geaffekteer word nie, omdat dit ook gas gebruik.✓[1]
- Die gebruik van gas is baie goedkoper as elektrisiteit✓[2] en hy sal geld bespaar op sy elektriese-rekening.✓[3]
- Dit is wit in kleur wat dit vir hom maklik sal maak om skoon te maak.✓[4]
- Die oppervlak op die bokant van die vrieskas kan addisionele werk/ opbergingspasie voorsien.✓[5]
- Die kisvrieskas is klein genoeg om in sy klein woonstel te pas.✓[6] en sal groot genoeg wees om in grootmaat aankope te doen. ✓[7]
- 'n Ys-vrieskas sal hom beter pas as 'n kisvrieskas weens beperkte spasie.✓[8]
- 'n Kisvrieskas is NIE maklik om te bestuur/ skoon te maak/ per hand te ontdooi NIE✓[9] omdat 'n bejaarde persoon moet buig en strek/ gebruik meer menslike energie.✓[10]
- 'n Gasbottel sal swaar wees vir Mr Johannes om te dra.✓[11]
- Indien die kisvrieskas onder 'n toonbank staan, is dit nie maklik toeganklik nie.✓[12] (Enige 6) (6)

*Analisering moeilik (Verken, p134; Suksesvol, p.159)*

**[20]**

PRIVATE BAG X895, PRETORIA
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Gee DRIE voorbeelde van aanvangskoste vir 'n kleinskaalse besigheid vanaf die huis.**

- Elektrisiteit✓[1]
- Water✓[2]
- Grondstowwe✓[3]
- Skryfbehoeftes✓[4]
- Brandstof/ vervoer/ afleweringskoste✓[5]
- Huur✓[6]
- Administratiewe koste/ telefoon/ selfoon/ internet✓[7]
- Lisensie/ registrasiekoste✓[8]
- Gereedskap✓[9]
- Skoonmaakkoste/ skoonmaakmiddels/ instandhouding✓[10]
- Arbeid/ lone/ salarisse✓[11] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.36; Suksesvol, p.35)*

6.2 **Noem DRIE faktore wat die doeltreffende produksie van gehalte produkte beïnvloed.**

- Beplanning✓[1]
- Nakoming van spesifikasies✓[2]
- Gehaltebeheer✓[3]
- Netjiese werksplek✓[4]
- Higiëne van werkers✓[5]
- Noukeurige beheer van finansies✓[6]
- Voorraadbeheer✓[7] (Enige 3) (3)

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Onthou, maklik (Verken, p.15-19; Suksesvol, p.21-23) (CAPS)*

6.3 **Gee redes waarom 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie uitgevoer word.**

- Om die sterkpunte✓[1] en swakhede✓[2] van 'n bestaande besigheid/ 'n nuwe besigheid idee te ontdek.
- Om vas te stel of die besigheid 'n sukses sal wees✓[3] nadat die totale koste en waarskynlike inkomste/ wins in aanmerking geneem was.✓[4]
- Sal die entrepreneur help om objektief te besluit of hy/ sy met 'n besigheid idee voort te gaan.✓[5]
- Sal help om te identifiseer hoe die besigheid idee verander/ aangepas kan word om winsgewendheid te verseker.✓[6]
- Om te bereken hoeveel aanvangskapitaal benodig word✓[7] waar dit verkry kan word en die tipe opbrengs/ wins op belegging.✓[8]
- Om die kosprys te bereken✓[9] en die verkoopprys✓[10] van die produk te bepaal. (Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.35)*

**6.4 Gee DRIE eienskappe van ekovriendelike verpakkingsmateriale.**

- Bioafbreekbaar✓[1]
- Herbruikbaar✓[2]
- Herwinbaar✓[3]
- Op 'n energiedoeltreffende manier vervaardig✓[4]
- Lae koolstofvoetspoor/ kweekhuis effek/ min skade aan die omgewing✓[5]

(Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.27-28; Suksesvol, p.26)*

**6.5 Verduidelik die voordele van die gebruik van plaaslike grondstowwe vir 'n kleinskaalse besigheid.**

- Dit vestig 'n goeie verhouding met die verskaffers.✓[1]
- Grondstowwe sal maklik beskikbaar wees.✓[2]
- Dit verminder vervoerkoste.✓[3]
- Mag goedkoper wees.✓[4]
- Verminder vertragings in produksie.✓[5]
- Dit stimuleer die plaaslike ekonomie.✓[6]
- Dis meer omgewingsvriendelik weens 'n laer koolstofvrystelling.✓[7]
- Plaaslike voedselprodukte is vars/ het 'n beter geur/ smaak.✓[8] (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.13; Suksesvol, p.19-20)*

**6.6 Verduidelik waarom dit vir 'n besigheid belangrik is om kliëntenavrae of klagtes onmiddellik te hanteer.**

- Vinnige reaksie teenoor kliënte se navrae en die aanspreek van kliënte se klagtes/ behoeftes/ om na kliënte te luister, sal hulle ondersteuning verseker en hul lojaliteit in stand hou.✓[1]
- Dit is noodsaaklik vir die besigheid om te verseker dat sy kliënte se behoeftes vervul word.✓[2] Gelukkige kliënte moedig verkope aan deur (mondelikse kommunikasie) 'word-of-mouth'/ ongelukkige kliënte beteken moontlik geen verkope en geen wins nie.✓[3]
- Deur klagtes van kliënte te ontvang en vinnig daaraan aandag te skenk kan die besigheid/ produkte/ diens verbeter.✓[4] As gevolg kliëntenavrae kan 'n besigheid aanpassings maak om te groei.✓[5] (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.24-25; Suksesvol, p.25)*

2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

6.7 6.7.1 **Maak 'n lys van die inligting wat op die verpakkingsetiket van die gebakte produkte ingesluit behoort te word.**

- Naam van die produk✓[1]
- Naam van vervaardiger✓[2]
- Handelsnaam/ merk/ embleme✓[3]
- Adres/ besonderhede van vervaardiger ✓[4]
- Land van oorsprong✓[5]
- Bestanddele✓[6]
- Opberginstruksies✓[7]
- Voedingsinligting✓[8]
- Gewig/ massa/ volume/ hoeveelheid/ grootte✓[9]
- Prys/ pryskode✓[10]
- Allergene✓[11]
- Datumstempels✓[12] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.24; Suksesvol, p.29)*

6.7.2 **Noem TWEE menslike vaardighede wat vir Njabulo gehelp het om sy besigheid te begin.**

- Bak-vaardighede✓[1]
- Tegnologiese vaardighede (internet)✓[2]
- Bemarkingsvaardighede✓[3]
- Bestuursvaardighede✓[4] (Enige 2) (2)

*Toepassing, matig (Verken, p.10; Suksesvol, p.17)*

6.7.3 **Verduidelik waarom dit vir Bakers Creationz belangrik is om gereelde instandhouding van sy tweedehandse toerusting te doen.**

- Dit voorkom dat dit tydens produksie onklaar raak✓[1] en bespaar tyd.✓[2]
- Dit verseker deurlopende produksievloei.✓[3]
- Dit verminder herstelwerk,✓[4] ongeskeduleerde/ instandhouding✓[5] en verhoog die lewensduur van die gereedskap.✓[6]
- Dit bespaar geld vir die besigheid omdat produksie nie stop/ nie onderbreek word nie.✓[7]
- Dit voorkom ongelukke in die werkplek/ vir die veiligheid van werkers.✓[8] (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.24; Suksesvol, p.25)*

2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE

6.7.4 **(a) Bereken die wins wat Pick n Pay op elke pakkie sneeuballetjies (snowballs) sal maak.** (2)

R 16.00 x 70%✓[1] = R 11.20✓[2]

*Toepassing, matig (Verken, p.38; Suksesvol, p.39)*

**(b) Bereken Pick n Pay se verkoopprys vir elke pakkie sneeuballetjies (snowballs).**
**Toon ALLE berekeninge.**

R 16.00 + R 11.20✓[1] = R 27.20✓[2] / R27.20✓[3]✓[4] (2)

*Toepassing, matig (Verken, p.38; Suksesvol, p.39)*

6.7.5 **Analiseer die geldigheid van die stelling hierbo.**

- Hy het gebruikte toerusting van bakkerye wat sluit, teen 'n goedkoper prys✓[1] gekoop✓[2] in plaas van om splinternuwe toerusting teen 'n duurder prys te koop.✓[3] Hy het dus ekstra kontant beskikbaar gehad om vir ander behoeftes te betaal.✓[4]
- Hy het die besigheid uit sy eie kombuis begin✓[5] en hoef nie huur te betaal nie.✓[6]
- Hy het sy eie aflewering gedoen✓[7] wat hom geld bespaar het deur nie afleweringspersoneel in diens te neem nie.✓[8]
- Op skooldae het sy produkte goed verkoop✓[9] omdat hy plaaslike skole van koeke, muffins en kolwyntjies voorsien het en het kinders gehad wat vir die besigheid verkope gedoen het.✓[10]
- Bestelling het in gevloei✓[11] wat sy kontantvloei verhoog het.
- Deur die wins te spaar,✓[12] het sy kontantvloei verhoog.
- Deur taxi's vir aflewering te gebruik✓[13] was die bedryfskoste laag✓[14] wat ook die kontantvloei verhoog het.
- Die besigheid verskaf 191 kleinhandel reus/ Pick n Pay verkooppunte✓[15] in twee verskillende provinsies van 12 000 verskeie gebakte produkte✓[16] wat die kontantvloei drasties verhoog.✓[17] (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.40; Suksesvol, p.42)*

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION